

## 4 Junie

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Openbaring 3:1**

### **Lewe jy werklik, of is jy dalk dood?**

'n Naam sê soms so baie van jou – veral 'n bynaam. 'n Bynaam is iets wat deur ander mense aan ons gegee word en wat iets van ons karakter of eienskappe weergee.

Watter skok moes die diagnose nie gewees het wat die Here Jesus van die gemeente in Sardis gemaak het nie – juis 'n diagnose van haar karakter! In 'n spesiale briefie aan hierdie gemeente laat Hy skryf (vers.1): “Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood.”

Jesus kyk dieper as die oppervlak. Hy kyk verby al die baie dinge wat in die gemeente gebeur en Hy peil die gemeente se diepste hartsgesindheid. Hy sien dat al die baie dinge wat in hierdie gemeente gebeur, maar net skyn is. Diep innerlik is daar in hierdie gemeente geen ywer vir God nie. Die diepe afhanklikheidsbeleving van die Heilige Gees is afwesig. Die gemeente leef net vir haarself en nie vir God nie; daarom dat dit uiterlik lyk of die gemeente lewe, maar innerlik is sy dood.

Alhoewel hierdie 'n boodskap vir 'n gemeente is, kom dié selfondersoekende vrae ook tot elkeen van ons: Lewe ons, óf is ons eintlik dood? Word ons dade gedring deur die Heilige Gees wat ywer in ons wek vir God en sy koninkryk? Of word ons dade gedring deur ywer slegs vir onself, ons eiebelang en ons voordeel?

Laat ons waak om nie self te strewe om 'n naam te hê dat ons lewe, terwyl ons eintlik dood is nie!

*Sing: Skrifberyming 42:1,2,4,5 Ds JA Erasmus (Germiston)*